
# Hoeksteenlegging te Salisbury

## MERKWAARDIGE GETUIENIS VAN 'N PRESBITERIAANSE PREDIKANT.

Soos in ons laaste uitgawe meegedeel, is die hoeksteen van die nuwe kerkgebou te Salisbury, Suid-Rhodesia, op 26 April te midde van vele blyke van belangstelling deur Ds. J. A. Pienaar gelê. Van die funksie gee ons hier 'n portret. By daardie geleentheid is daar toesprake deur verskeie vooraanstaande sprekers gelewer, en daaronder ook deur die leraar van die plaaslike Presbiteriaanse Kerk, Rev. James Andrews. In die loop van sy opmerkinge het hy die volgende gesê:

"Die Ned. Geref. Kerk is, naar my beskouing, vandag die grootste sendingkrag in Suid-Afrika, en ook die grootste sendingkrag noord van die Unie van Suid-Afrika, binne Suid- en Noord-Rhodesia."



Naar aanleiding van hierdie verklaring het *Ons Vaderland*, van Pretoria, 'n artiekel van die redaksie gepubliseer, wat ons hier oorneem:—

Bostaande is die uitspraak van Eerw. James Andrews, predikant van die Presbiteriaanse Kerk te Salisbury, Rhodesia, by geleentheid van die steenlegging van die Ned. Geref. kerk aldaar,—'n kerk wat gebou word naar 'n Moerdyk-ontwerp, wat, volgens Minister Downie (Myne en Openbare Werke van die Rhodesiese Regering, wat by die steenlegging ook die woord gevoer het) 'n "monument word aan die Voortrekker-sendingwerk in Suid-Rhodesia," en, volgens 'n ander woordvoerder buitekant ons eie kerkverband staande, " 'n sieraad vir Salisbury" sal afgee.

Met die woord "missionary power" word hier meer bedoel as wat ons kan sê met die vertaling "sendingmag"—baie meer. Dit beteken in dié verband eintlik soveel as beskawende mag, en die Kerk as sending onder blankes sowel as die heiden. Dit is, komende, soos ons sê, van iemand buitekant die Ned. Geref. Kerk-verband, 'n magtige huldebetuiging, waarop die Ned. Geref. Kerk en iedere Afrikaanssprekende Afrikaner in die breëre verband, hoogmoedig mag voel.

Dit tog is die getuienis van 'n Presbiteriaanse predikant, na sewentig, tagtig jaar van sendingywer en,—helaas!—ook naywer, in die Noorde. Naywer wat die eerste sendelinge van ons Kerk —tot wie een van die beide Helms behoort het, wat daar gewerk het in die vroeë tagtigerjare,—uit Rhodesia ,en selfs uit Mashonaland uitgedruk het.

Dr. Moffat het in die late sestigerjare 'n stasie te Inyatie, noord van Bulawayo, begin, en na die tyd verskeie ander daar gevestig, insluitende dié te "Hopefountain", in die oostelike Matopo's. Kort daarop is die Jesuïete-broederskap daar ingekom, wat vandag juis teruggedring word naar Mashonaland. (In dieselfde koerant wat die steenlegging vermeld, lees ons ook hoe die Katolieke-sending sig heeltemal terugtrek uit die ou Matabeleland, en vir die vervolg 'n stasie sal vestig in suidelike Mashonaland. Na die Londense Sendinggenootskap en die Jesuïete, het die Biskop van Bloemfontein (Eerw. Knight-Bruce) van die Anglikaanse Kerk, Matabeleland afgereis, tot aan die Sambesie, en oral stasies met evangeliste gestig. Verskillende Duitse genootskappe, wat hulle nog voor Moffat onder die Bamangwato gevestig had, werd geleidelik daar uitgedruk, en die eerste sendeling van die Ned. Geref. Kerk in Mashonaland, Ds. Helm, moes ongeveer 1890 ook padgee.

Tog,—ten spyte van dit alles, ten spyte van die betreklike kleinheid en materiële swakheid van die negentigerjare, en weer 'n konsul vir hierdie man uit 'n ander Kerk publiek: dit is die grootste beskawende mag in Suid-Afrika. Meer nog: dit is die grootste beskawende mag noord van die Unie, in Suid- en Noord-Rhodesia!

Dit is hoë lof, waarop die Ned. Geref. Kerk, en iedere Afrikaner groots mag voel. Want dit het ons bereik—ten spyte van alles, ten spyte van die wêreldwye verguising van 'n Livingstone, die hoon wat hy uitgestort het oor "the Dutch"; ten spyte van die boekdele wat daar geskryf werd, om uit te maak hoe die Afrikaners slegs "slawedrywers" en wat nie al meer is nie. Dit is 'n erkenning hierdie, van Eerw. Andrews, wat ons gaan registreer, en wat heel Suid-Afrika wel mag onthou.

Afrikaners is nooit sendingmaniakke gewees, soos ons hier gesien rondjaag het 'n dertig, veertig jaar gelede nie. En persoonlik het ons altoos sterk gevoel teen uitbreiding van ons sendingaktiwiteite noord van die ewenaar, terwyl ons vas oortuig is daarvan hoe ons eerste plig ons in Suid-Afrika roep. Maar dit ly nie die minste twyfel nie dat ons ras, met ons byna ingeskape kennis van die naturel, en van sy taal, geskiedenis en gewoontes, ook die beste sendingmateriaal moet en kan oplewer.

Daar is toegewyde manne en vroue werksaam in die verre Noorde, wat ons naam dra en hooghou, en wat ook baie meer gedaan het vir die uitbreiding van ons taal en nasionaliteit as enige ander faktor. Dit is die Ned. Geref. Kerk gewees en niks anders, wat ons element 'n houvas, 'n staanplek besorg het in die Noorde. Ons polietisie en staatsmanne het die Noorde in 1890 al weggegooi vir die hersenskim van 'n oostelike uitweg naar die see toe, en die Afrikaners daar, met al die historiese Afrikaner-aansprake—teniet laat gaan. Die Kerk alleen,—die magtigste beskawende faktor in Suid-Afrika!—het dit behou vir ons.

En vandag gaan dit nog net so. Die Ned. Geref. Kerk is nog die enigste sigbare Afrikaner-organisasie noord van die Limpopo. Die Staat moet lankal geprofiteer het van die kortsigtigheid van die negentiger jare, en weer 'n konsul vir die Noorde benoem het; nie soos die benoeming van die arme Piet Grobler by Lobengoela in 1888 nie, wat net sewe jaar te laat gekom het.

Intussen is dit 'n gerusstellende gedagte om te weet, hoe ons in dié wêrelde nou erken word as die magtigste beskawende invloed, en dit ten spyte van alles!

Tot sover die artiekel van *Ons Vaderland*.